# ENKELE OPMERKINGS OOR DIE NUWE TEOLOGIE EN MEER BEPAALD SY CHRISTOLOGIE

*1)

DR. J. H. KOEKEMOER

1. Die beste oorsig oor die Nuwe Teologie wat aan my bekend is, is die van Sperna Weiland in Oriëntatie en Voortgesette Oriëntatie. Hoewel hy simpatie met die rigting het, is sy gegewens saaklik korrek en is sy literatuuropgawe baie bruikbaar vir verdere studie in hierdie verband. Ek kan ook verwys na „Nieuwe Theologie" van A. F. N. Lekkerkerker, „Het bestaan van God" van G. C. van Niftrik en na „Revolte in de Theologie" waarin artikels van 'n hele aantal geleerdes oor hierdie onderwerp verskyn. Verder kan ek verwys na lesings van proff. B. J. Engelbrecht, F. J. van Zyl en A. D. Pont oor hierdie onderwerp wat ook voor predikantevergaderings in die verlede gelewer is, en wat verskyn het in Die Hervormde Teologiese Studies Jaargang 23 aflewering 1 en Jaargang 24 aflewering 3.

2. Vanweë die uitgebreidheid van die onderwerp en as gevolg van die oorstelpende stroom literatuur in hierdie verband sal ek nie oor die agtergrond van die Nuwe Teologie handel nie, maar my bepaal by enkele opmerkings oor veral die persoon en werk van Jesus Christus, soos gesien deur die Nuwe Teologie. Ek sal my verder beperk tot veral die beskouinge van veral Paul van Buren en Dorothee Sölle, en so probeer om duidelik te maak hoe die Nuwe Teologie te werk gaan in die uitbouing van 'n Teologie en meer bepaald 'n Christologie. Die opmerkings oor die Christologie is baie kort en kursories en raak alleen maar enkele fasette.

3. Wat opmerklik is by die Nuwe Teologie, is dat alhoewel die metodes van die verteenwoordigers van dié Teologie baie van mekaar verskil die resultate van hulle denke dieselfde is. „Wat die Nuwe Teologie betref kan ons sê dat die een motief wat alles oorheers die groot erns is wat almal in hierdie rigting maak met die moderne mens en sy lewensbeskouing of lewenshouding[1]).

---

*1) Hierdie is 'n lesing wat gelewer is voor die predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, gehou te Pretoria op 19 en 20 September 1972. Die stof is 'n verwerking van 'n gedeelte van my proefskrif getiteld „Die Christologie van die Nuwe Teologie — 'n Interpretasieprobleem", en ek verwys hierna vir 'n volledige literatuurlys.

1) B. J. Engelbrecht — Hedendaagse Krisispunte in die Teologie, H.T.S., Jaargang 23, Aflewering 1 p. 13.

Die Nuwe Teologie tipeer die mens van die verlede en sy beskouinge met verskillende terme byvoorbeeld „mitologies" (Bultmann), „religieus" en „onmondig" (Bonhoeffer), „metafisies" (Heidegger) en „supra-naturalisties" (J. A. T. Robinson).

4. Vir die Nuwe Teologie is die Reformasie in die geskiedenis van die kerk ook 'n geweldig belangrike gebeurtenis omdat ons hier reeds die kern terugvind wat tot die moderne her-intepretasie van die Bybel gelei het. Die belangrikste gebeurtenis by die Reformasie is dat daar 'n geweldige reduksie plaasgevind het. Daar was 'n teruggryp na die Bybel en die verkondiging van die Heilige Skrif.

Die kerk is gestroop van die tradisiegesag en alles wat naas en in die plek van die suiwer Bybelse verkondiging en gesag geplaas is. Die kritiek van die Nuwe Teologie teen die Reformasie is dat die reduksie nie ver genoeg gevoer is nie. Daar het reste oorgebly wat nou eenkant geplaas moet word, onder andere die metafisiese taal van die kerklike belydenis, die supra-naturalistiese denkpatroon, die religieuse lewenswyse en die mitologiese begrippe. Om hierdie rede noem J. A. T. Robinson die Nuwe Teologie wat 'n her-interpretasie van die Bybelse inhoud voorstaan ook 'n „Neu Reformation"[2]).

Van Buren[3]) is van mening dat dit vir die vadere nog geoorloof was om van hierdie begrippe gebruik te maak omdat hulle mense van hulle tyd was en nie anders kan praat nie. Vir ons is dit nie geoorloof nie, omdat ons met die „gesekulariseerde", „mondige" mens praat en daarom nie gebruik kan maak van terme en 'n taal wat voorwetenskaplik, „supra-naturalisties" mitologies en religieus is nie. Ons kan anders praat, daarom moet ons.

Die Nuwe Teologie stel:

Ons het in die moderne tyd met die mondige mens te doen en daarom moet ons hom aanspreek in 'n taal wat hy kan verstaan en moet ons ons bedien van begrippe wat nie vir hom onaanvaarbaar is nie. As ons erns maak met die evangelie, sal ons sorg dat die reduksie enduit gevoer word. Wanneer ons dit nie doen nie, is ons nie eerlik nie. Dit is nie eerlik om gedurende die week op 'n sekulêre wêreldbeeld te lewe en te handel en dan op 'n Sondag gevra te word om jouself te verplaas in 'n „supra-naturalistiese" wêreld wat 'n God, hemel, engele en demone waarvan 'n mens moet aanvaar dat hulle bestaan op dieselfde wyse as die empiriese werklikheid waarmee jy elke dag te doen kry[4]).

---

[2]) Vgl. J. A. T. Robinson, The New Reformation?, S. C. M. Press Ltd., London 1965.

[3]) Vgl. Paul van Buren se boek The Secular meaning of the Gospel, 3de druk, S. C. M. Press Ltd., London 1966, in hierdie verband.

[4]) Vgl. J. A. Heyns, Sterwende Christendom, Tafelberg-Uitgewers 1969, p. 105 v.v.

Wanneer die Nuwe Teologie die evangelie verkondig wil hulle ernstig rekening hou met die mondige, a-religieuse gesekulariseerde, anti-metafisiese, inner-Weltliche mens. Die belydenis dat Jesus die Kurios is wil hulle in 'n sekere sin probeer vashou, maar die „simbole" van die belydenis moet nuut geïntepreteer word, nuut, vanuit die situasie van die moderne mens. Noodwendig is dit so dat in hierdie her-interpretasie van die Bybelse inhoud afskeid geneem moet word van alle dogmatiese terminologie omdat dit reste van 'n religieuse Christendom is en alleen verwarring skep omdat dit die mens laat beweeg op die gevaarlike weg van die metafisika, supra-naturalisme, mitologie.

By die inkleding van 'n Christologie, neem die Nuwe Teologie ook finaal afskeid van 'n dubbele wêreldbeeld van 'n God „daarbo" wat ingryp in die aardse werklikheid. Die mondige mens wil per slot van rekening 'n outonome lewe lei, los van die metafisiese groothede. Vir hierdie mens het God „emosioneel misbaar" en „moreel onverdraaglik" geword.

Vir die Nuwe Teologie is dit eenmaal so dat die „wêreld van God en die demone" verval het en daarom is 'n nuwe interpretasie wat hiermee rekening hou, noodsaaklik.

Die metodes waarvolgens hierdie interpretasie gedoen word, is nie altyd dieselfde nie — daar is onder andere die metodes geleen by die „linguistic analysis", die „Social Gospel", „Eksistensialisme", en so meer — die resultaat wat bereik word en die doel wat nagestreef word is uiteindelik tog maar dieselfde. Dit gaan daarom om die evangelie geheel en al „dieseitig" te verstaan, omdat dit, volgens die Nuwe Teologie, ook die bedoeling van die Bybel self is.

5. Alhoewel dit waar is dat Bultmann 'n geweldige invloed op die denke van die Nuwe Teologie uitgeoefen het wil ek nie aan hom aandag gee nie. Sy „eksistensiale interpretasie" van die Bybelse inhoud is aan u bekend aangesien dit reeds op vorige predikanteverganderings behandel is[5]). Die persoon en werk van Jesus Christus sal derhalwe ook op hierdie wyse verstaan moet word.

6. Ten opsigte van Rauschenbusch[6]) wat spesifiek in die rigting van die Social Gospel gewerk het wil ons alleen verwys na die feit dat hy die evangelie ook wil ontdoen van metafisiese en religieuse elemente. Hy is van mening dat die inhoud van die Bybel dan eers reg verstaan word wanneer dit „sosiaal", „eties" verstaan word.

---

[5]) Vgl. die genoemde artikel van B. J. Engelbrecht, Hedendaagse Krisispunte in die Teologie, in hierdie verband.

[6]) (a) Vgl. W. Rauschenbusch, Christianity and the Social Crisis, New York, Macmillan, 1907.
(b) A Theology for the Social Gospel, New York, 1917.

Dit gaan in die verkondiging van die Bybel nie oor „religie" en die „religieuse" nie. Wanneer daar in die Ou Testament wel van religieuse elemente sprake is, noem hy dit „the most decedent phase of Hebrew thought". Volgens Rauschenbusch gaan dit in die Ou Testament veral om 'n klein volkie in sy eeuelange politieke en sosiale worstelstryd met die groot en magtige volke — oor hoe die volkie die lig ontvang het om soos geen ander die geregtigheid en sosiale verhoudinge suiwer te sien. In die sin kan ons die Ou Testament 'n geïnspireerde boek noem omdat sy geskiedenis inspirerend is. Ten opsigte van die persoon en werk van Jesus Christus stel hy dat die terme „Seun van God" en „Eenswesens" metafisies gelaai is en daarom laat vaar moet word. Johannes die Doper het Jesus reg gesien en verkondig. „Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom." Wat koninkryk en bekering beteken word duidelik in Luk. 3:10-14 gestel: „En die skare het hom (dit is vir Johannes), gevra en gesê: Wat moet ons doen? En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie, en wie voedsel het, moet dieselfde doen. En die tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir hom gesê: Meester wat moet ons doen? En hy antwoord hulle: Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie. En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of afpers nie; en wees tevrede met julle soldy." Jesus was dus 'n gewone mens, 'n sosiale hervormer. Jesus het wel self aanvanklik op twee gedagtes gehink: Aan die een kant 'n religieuse gedagte en aan die ander kant 'n sosiale. Later het Hy egter die religieusiteit afgelê en sy taak suiwer gesien soos Johannes die Doper dit gesien het.

Sou dit te vergesog wees wanneer 'n mens beweer dat die persoon van Jesus Christus in die Teologie uiteindelik nie meer van deurslaggewende betekenis is nie, maar dat dit eerder gaan om die „sosiaal-etiese" waarhede waarvoor Hy ook geleef en gesterf het.

Om 'n geheelbeeld van die denke van al die verteenwoordigers van die Nuwe Teologie te gee is moelik vanweë die feit dat die metodes wat hulle aanwend in die tematisering van 'n Teologie baie van mekaar verskil. Daarom wil ons baie kortliks kyk na hoe Paul van Buren en D. Sölle 'n Christologie tematiseer. Hieruit sal u hopelik sien hoe „diesseitig" hierdie teoloë werk — hou dan in gedagte dat die hele Nuwe Teologie eintlik „diesseitig" gerig is — met ander woorde alhoewel die metodes verskil bly die resultaat van hulle denke dieselfde. (Dit is opmerklik — Prof. Engelbrecht het ook eenmaal hierna verwys — dat die resultaat van hulle denke en die van die denke van die Marxisme 'n merkwaardige ooreenkoms vertoon).

## 7. PAUL VAN BUREN[7])

Vanuit die „linguistic analysis" wil hy die leer oor Christus hier intepreteer vir die mondige, gesekulariseerde mens van vandag. Hy het wel waardering vir die leer wat die vadere opgestel het, maar hulle denkpatroon en wyse van spreke is vir ons vreemd en kan nie meer as geldig aanvaar word nie. As ons daarom werklik erns met die evangelie maak, sal ons verplig wees om te her-interpreteer in die taal van ons tyd en ook in die gees van ons tyd. Dit is waar dat die evangelie ook vir hom te doen het met Jesus van Nasaret. Maar wanneer daar oor die uitwerk van 'n Christologie gepraat word, kan dit nie gaan oor die „skilder" van 'n portret van Jesus nie, omdat die 19de eeuse poging in hierdie verband reeds 'n mislukking was.

Volgens Bultmann het dit nie geslaag nie, omdat die materiaal tot ons beskikking nie 'n volledige biografie van Jesus gee nie. Die historici kan alleen maar enkele dinge van Hom te wete kom. Die meeste wat ons van Jesus weet, is wat ons deur middel van die prediking van die vroeë Christelike kerk te wete kom. Maar nou het dit, volgens Bultmann, vir die prediking nie om historiese feite gegaan nie, maar om 'n „verhaal" in diens van die Paaskerugma. En omdat Bultmann se belangstelling in die kerugma geleë is, is hy derhalwe ook weinig bekommerd oor die geskiedenis. Want die historiese feite van Jesus se lewe en sy dood, is alleen maar die beginpunt van 'n nuwe **selfverstaan** wat aan die mens gegee is.

Daarom wil diegene wat weer begin het met „a new quest of the historical Jesus", nie die pogings om 'n lewe van Jesus te rekonstrueer, laat herleef nie. Daar word alleen gestel dat die feit dat die kerugma met Jesus van Nasaret te doen het en die feit dat die mondelinge tradisie wat vir die eerste dissipels so belangrik was, baie te sê het oor die geskiedenis van Jesus voor Paasfees, dit ons uitdaag om verdere historiese navorsing te doen. Vir hulle is dit ongetwyfeld waar dat die berigte aangaande Jesus gekleur is en dikwels getemper is deur die paasgebeure. Nou is ons taak nie om 'n biografie van Jesus te probeer skryf nie, want dit is onmoontlik, maar om verskillende perspektiewe van die mens, Jesus van Nasaret, te verkry.

Van Buren wil voortbou op die wyse van spreke oor die geskiedenis en hy wil met die oog op die gesekulariseerde mens, en met behulp van die „linguistic analysis" sekere karakteristieke van Jesus bespreek soos dit na vore gebring is.

Dan val dit op dat Jesus van Nasaret 'n individu was wie se karakter sy volgelinge klaarblyklik so beïndruk het dat Hy uitgetroon het as 'n merkwaardige **vry mens.** Daarom kan ons die karakter van Jesus dan ook opsom rondom sekere konsepte,

[7]) Vgl. die genoemde boek van Van Kapittel Theologie nach dem Tode van sy beskouing.

byvoorbeeld **vryheid.** Daar kan ook ander genoem word byvoorbeeld **geloof.** Van Buren verkies **vryheid** omdat **geloof** 'n mens kan lei op die gevaarlike gladde weg van die non-empiriese. Die evangeliste gebruik die term **vryheid,** in verband met Jesus op verskillende maniere. So kan dit byvoorbeeld op sy **gesag** dui of op sy **openheid** teenoor vriend en vyand. Alhoewel Jesus byvoorbeeld as 'n gehoorsame kind van sy ouers beskrywe word, word Hy ook geskets as **vry** van familie-aansprake. Hy het die religieuse gebruike en instellings van sy tyd nagevolg, maar Hom ook **vry** gevoel om dit te negeer. (Luk. 17:14, 11:42, Matt. 17:24-27, Markus 2:23-27). In die wonders word Hy selfs mitologies voorgestel as iemand wat **vry** is van die beperkinge van die natuur (Mark. 4:35-41). Die inhoud van die prediking van Jesus vertoon vir hom hierdie selfde vryheid. Hy was vry van die gretigheid en noodsaaklikheid om sy eie identiteit te bevestig, maar bowe-al was Hy vry vir sy medemens. (Hierdie gedagte van daar wees vir -andere is ook sterk by Bonhoeffer aanwesig).

Vir Van Buren is dit duidelik dat wanneer die Nuwe Testament oor Jesus praat en sê dat Hy een van ons was, dan beteken dit dat Hy volkome mens was. Met die kwalifikasie „maar sonder sonde" wil die Nuwe Testament sy vryheid na vore bring. Jesus as 'n histories-empiriese figuur het die **vryheid** geleef — Hy was vry van die tradisie en die kerk, vry van die sorg vir die toekoms, vry vir die vryheid en vry vir sy medemens. Dit is hierdie vryheid wat tot sy kruisiging gelei het. Dit is hierdie Jesus wat ons aanspoor en uitdaag om self vry te wees. Daarom moet ons die evangelie dan ook verstaan as die goeie tyding van 'n vry mens wat ook ander vry gemaak het. Eers na Pase kan die evangelie egter werklik sinvol verstaan en geïnterpreteer word. Want die kruis was die oorwinning van sy vryheid en die kerugma van die opstanding was 'n bevestiging van die oorwinning van sy vryheid. Na Pase gaan hierdie vryheid op ander oor en hulle leef hierdie **vryheid;** gebrekkig, onvolmaak, altyd weer terug in die ou wêreld terwyl hulle Jesus as Verlosser erken.

Oor die opstanding wil hy die vraag beantwoord of hier van 'n **feit** sprake is of nie. Wie na byvoorbeeld 1 Kor. 15 kyk, sal aanvanklik dink dat dit hier om feite gaan — maar gaan dit daarom? 'n **Feit** moet beskryf kan word. Van voor Pase kan ons sê dat Jesus gekruisig en begrawe is en dat die dissipels teleurgesteld was. Die opstanding kan nie so beskrywe word nie. Ook die verskyning na die opstanding, kan nie in ons tyd sonder meer as **feite** gestel word nie. Met ons kennis van wat met selle gebeur na die dood, asl so 'n beskrywing net nie stand hou nie. Die Paaskerugma gaan daarom klaarblyklik nie om **feite** nie.

Wat met Pase gebeur het, is dat die dissipels ander mense geword het. Hulle het hulle skielik vasgevang gevoel in die vry-

heid van Jesus. Dit het ingehou dat hulle so vry geword het dat hulle selfs die dood sonder vrees tegemoet kon gaan. Al wat ons dus kan sê is dat daar iets gebeur het. Die ou tradisie het hierdie **iets** wat gebeur het beskrywe met d'e woord „Hy het verskyn", wil nie 'n werklikheid aandui nie, maar dit wil sê dat die dissipel, Petrus, dit „on the moror of his mind" gehad het. Van Buren noem hierdie 'n „sense-content" stelling. Dit is anders as 'n „common-sense" stelling of 'n empiriese stelling aangesien dit nie op dieselfde wyse geverifieer kan word nie. Die metode waarop 'n „sense-content" stelling geverifieer kan word, is om te kyk of die woorde en dade van die persoon wat die stelling maak, dit bevestig. So word byvoorbeeld Petrus se stelling van „sense-content" wat die man wat hy gesien het identifiseer met Jesus wat 'n sekere lewe geleef het, geverifieer deur Petrus se daaropvolgende lewe.

Hierdie stelling van Petrus is egter gevolg deur nog 'n ander stelling naamlik „Jesus is risen". Dit is 'n linguistiese „odd" stelling. Die getuienis dui egter daarop dat die dissipels nie 'n fisiese opstanding van Jesus in gedagte gehad het nie. So was die opgestane liggaam nie soos die aardse nie (1 Kor. 15:35 e.v.), en alhoewel dit die merke van die kruisiging gedra het (Luk. 24:39, Joh. 20:20, 27), het die dissipels moeite ondervind om die opgestane Jesus te herken. (Matt. 28:17, Luk. 24:16, 37, 41, Joh. 20:15, 21:14). Die „oddity" van die stelling is afkomstig van die feit dat hier twee taalspele naas mekaar geplaas word. Daar moet op gelet word dat Jesus 'n eienaam is en dat dit logies verkeerd is om in 'n stelling „Jesus is risen", die woordjie „is" met 'n persoon te verbind wat reeds dood is. In hierdie geval vorm „is" deel van 'n werkwoord wat sy logiese plek in die Joodse eskatologie het. Die woordjie „opgestaan" dui op die koninkryk van God en dui op die doel van alle eksistensie. Die stelling „Jesus is risen", neem nou 'n historiese mens en sê „he was of the realm of the end". Dit is 'n „end word" en die bedoeling van 'n „end word" is om 'n sekere houding van die spreker na vore te bring. So 'n stelling is byvoorbeeld „die koninkryk van God is naby". Op sy eie geneem kan die stelling nie geverifieer word nie, maar die houding waarmee die stelling meegedeel word is oop vir verifikasie. Dit kan byvoorbeeld beteken: lewe vir die hede eerder as om planne vir die oudag te beraam. Die stelling „Jesus is risen" beweeg nou in dieselfde rigting en moet derhalwe geverifieer word op grond van die houding van die een wat dit gesê het. Die geldigheid van die stelling kan dus daarin geleë wees dat die een wat dit gesê het, soos Jesus gaan leef het en gesterf het.

So het die **vryheid** van Jesus aansteeklik geword. Die dissipels kon nou ook vir vryheid vir andere daar wees.

Van Buren is verder van oortuiging dat wanneer die Bybel Jesus die „Seun van God" noem, daarmee alleen gesê word dat die ware Israel gekom het. Hy was wat Israel nie kon wees nie, naamlik 'n lig tot verligting van die nasies.

In Joh. 10:30-38 sê Jesus self dat om „in die Vader" te wees en om die Vader en Hom te hê, dieselfde is as om „die Seun van God" te wees. Maar om Seun van God te wees, beteken om „die werke van die Vader te doen" en die een te wees na wie die Woord van God gekom het, verwysende na Ps. 82:6. Dit sou beteken om 'n opdrag van God te hê gehoorsaam te wees aan daardie opdrag. Hierdie is 'n aardse roeping en nie 'n hemelse wyding nie. Ons moet egter Joh. 14:9: „Hy wat my gesien het, het die Vader gesien", in hierdie verband ook in gedagte hou. Jesus gebruik die woord Vader in plaas van die woord God. Christene word dus gevra om op te hou soek na die Vader. Die Bybel wil hiermee uitdruklik sê dat die Vader nie los van Jesus te vinde is nie en dat die Vader slegs vir Jesus is. Hiermee word die vraag na God deur die Nuwe Testament dan ook beantwoord deur na die mens Jesus te verwys. Wat die mens ookal gesoek het deur na God te soek is te vind in en deur Jesus van Nasaret.

Hierdie is maar enkele opmerkings oor Van Buren se Teologie Hopelik kan u duidelik sien hoe hy in sy Christologie vanuit die „linguistic analysis" redeneer. Ons maak nog enkele opmerkings oor Sölle voordat ons iets ter kritiek sê.

8. **D. Sölle**[8]) het nie 'n volledige Christologie getematiseer soos dit in die kerk gebruiklik is nie. Haar Christologie word inteendeel alleen rondom sekere konsepte uitgewerk. Sy wil 'n Christologie uitwerk met die gesekulariseerde wêreld vir die oog, daarom wil sy her-interpreteer in die sin van 'n nuwe verstaan van die Bybelse begrippe. Die belangrikste vraag vir haar is die vraag hoe 'n mens homself kan word en dan probeer sy 'n brug slaan na 'n ander vraag naamlik wat is die betekenis van Christus vir ons lewens. Sy wil aantoon hoe dit moontlik is dat ons alleen kan sê wie ons is as ons ervaar het wie Christus is. Om enigsins reg aan die vraag en die antwoord te laat geskied, stel sy dat dit noodsaaklik is dat sy moet standpunt inneem teen die definitiewe Christus van die ortodokse teologie en dan veral soos Christus deur Karl Barth gesien en verkondig word.

Daarenteen stel sy haar siening van die voorlopige Christus — Christus as „Stellvertreter"en nie as „Ersatzman" nie. Haar Christologie word dan ook rondom twee temas uitgewerk naamlik:

1. Christus verteenwoordig God by ons.
2. Christus verteenwoordig ons by God.

---

[8]) Vgl. D. Sölle, Stellvertretung, Ein Kapittel Theologie nach dem Tode Gottes, Stuttgart, Kreuz 1965.

Om dit te kan doen is daar drie vereistes waaraan Christus moet voldoen:

1. Voorlopig.
2. Afhanklik.
3. Identifikasie.

Christus is die Stellvertreter wat die afwesige mense by God vervang en die afwesige God by die mense. Hy is nie die „Ersatzman" wat vir goed die plek van die ander inneem en so permanent vervang nie. Hy is nie die Arsatzman van die dooie God uit die verlede nie, maar die Stellvertreter van die toekomstige, wordende God.

Christus is ons toekoms, hy is daar waar ons nog nie is nie — ons is nog op pad na identiteit. Hy gaan ons voor op die weg na ons toekoms, na die Ryk. So is Hy ons voorloper, maar is hy tegelyk ook voorlopig omdat hy verdwyn as ons identiteit bereik het. Hy neem nie vir goed ons plek in nie, want dan sal hy ons van ons toekoms beroof. Hy is ons **voor**-spraak, maar ons moet self ook leer praat want ons is geroep tot die vryheid.

Op dieselfde wyse is Christus ook **voor**-loper van God — die wordende God wat nog nie identiteit bereik het nie. Wie God is kan ons op die oomblik nie sê nie, en wie hy sal wees, kan ons ook nie sê nie, ons kan alleen verwys na hom wat God speel tot aan die kruis.

Ons word nou geroep om die spel te speel wat Christus speel. Dit wil sê daar wees vir andere, vir andere instaan (soos Christus vir ons instaan) totdat hulle identiteit bereik het. Hierdie gedagtes van haar kom nog sterker na vore in haar Credo[9]), waarvan die struktuur ooreenkom met die Apostolicum.

Ek glo in God
wat die wêreld nie kant en klaar gemaak het nie
soos 'n ding wat nou so moet bly nie
wat nie regeer volgens ewige wette
wat onveranderlik vasstaan nie
en nie volgens natuurlike ordeninge
waarin rykes en armes voorkom nie
mense wat op hoogte is en
mense wat van niks weet nie
mense wat heers en ander wat aan
die heersers oorgelewer is.

---

[9]) Vgl. Dorothee Sölle en Ful ert Steffensky, Politiek avondgebed, Anthos, Bosch en Keuning N.V. Baarn 1969, p. 24 en 25.

Ek glo in God
wat die teenspraak van die lewende wil
en die verandering van alle toestande
deur ons arbeid
deur ons politiek.

Ek glo in Jesus Christus
wat gelyk gehad het toe hy
„'n enkeling wat tog niks vermag nie"
net soos ons dit is
gewerk het aan die verandering van alle toestande
en wat daaraan ten gronde gegaan het
as ek my met hom vergelyk sien ek
hoe vermink ons intelligensie is
hoe verstik ons fantasie
en dat ons inspanning tot niks lei nie
omdat ons nie leef soos hy geleef het nie
elke dag het ek opnuut angs . . .
dat hy verniet gesterf het
omdat ons hom in ons kerke begrawe het
omdat ons sy rewolusie versaak het
in gehoorsaamheid aan en in angs vir die outoriteite.
Ek glo in Jesus Christus
wat in ons lewens opstaan
om ons vry te maak
van vooroordele en aanmatiging
van angs en haat
sodat ons sy rewolusie kan voortsit
op die weg na Sy ryk.

Ek glo in die Gees
wat met Jesus in die wêreld gekom het
in die gemeenskap van alle volke
en in ons verantwoordelikheid vir
wat van hierdie wêreld uiteindelik word
'n dal vol ellende, honger, geweld
of die stad van God.
Ek glo in die regverdige vrede wat ons
tot stand kon bring
in die moontlikheid van 'n sinvolle lewe
vir alle mense
in die toekoms van hierdie wêreld
van God.

## 9. KRITIESE OPMERKINGS

Klaarblyklik kan u sien hoe geheel en al „diesseitig" die Nuwe Teologie dink — beïvloed deur die „linguistic analysis", die eksistensie filosofie, die Marxisme ensovoorts. Vir die Nuwe Teologie bestaan daar net een wêreld en dit is die sigbare en algemeen ervaarbare wêreld. Die ander wêreld (waarby God, die engele, die hemel en die hiernamaals ingesluit is), is nie verifieerbaar nie, en daarom is dit metafisies, mitologes en ook „nonsential". Die Nuwe Teologie het die God van die objektiewe en volbragte heil doodverklaar, daar is geen werklike „Jeuseits" meer teenoor die „Diesseits" nie[10]). Die Nuwe Teologie wil die Christendom red deur ontslae te raak van alle sogenaamde metafisika. Die evangelie moet „diesseitig" verstaan word as 'n mens op wetenskaplike wyse met interpretasie van die Heilige Skrif besig is, en die reduksie wat by die Reformasie begin is, moet end-uit gevoer word. Hierdie metode van interpretasie is vir die Nuwe Teologie die enigste aanvaarbare metode en daarom ook die enigste wyse waarop die evangelie, na hulle mening, gered kan word.

Nou is dit wel waar dat die Reformasie die gebeurtenis by uitnemendheid was wat aanleiding gegee het tot die wetenskaplike bestudering van die Heilige Skrif, en dat as gevolg van die Reformasie daar 'n geweldige reduksie in die kerk en die Teologie plaasgevind het. Vir die Reformasie het die reduksie egter beteken en ingehou dat die kerk vrygemaak is van alle bygeloof en die gesagstruktuur van die Roomse Kerk wat 'n wetenskaplike bestudering van die Heilige Skrif feitlik onmoontlik gemaak het. Die Nuwe Teologie beskuldig die kerk daarvan dat hierdie reduksie van die Reformatore nie volledig genoeg was nie, omdat die kerk nog vasgehou het aan dogmatiese terminologie en 'n taal wat in sy wese metafisies gelaai is. Hulle maak dan daarop aanspraak dat, as iemand die sin van die Reformasie reg begryp dat hy dan in ons tyd vir die mondige, gesekulariseerde mens hierdie reduksie na sy logiese konsekwensie sal voer, en so die metafisiese taal sal her-interpreteer, sodat dit vir die moderne mens nie alleen verstaanbaar sal wees nie, maar ook aanvaarbaar.

Op die aanspraak dat die dogmatiese terminologie geskrap moet word, met ander woorde dat die reduksie verder gevoer moet word, het die Reformatore reeds geantwoord.

En alhoewel die redes van hulle wat die terminologie in die tyd van die Reformasie wou skrap, verskil het van die Nuwe

---

10) Vgl. G. C. van Niftrik, Het bestaan van God. J. N. Voorhoeve — Den Haag, 1971, p. 15.

Teologie, bly hulle bedoeling tog uiteindelik dieselfde en moet die verweer van die Reformatore derhalwe vandag nog relevant wees.

Die Reformatore het hierdie terme as onvervangbaar beskou omdat hulle geweet het dat, as hierdie terme met hulle historiese verankering en sin weggelaat word, dan sluip die dwaalleer byna sonder uitsondering in. „Die taak van elke geslag sal dus wees om hierdie terme wat hulle geërf het, in verantwoordelikheid teenoor die verlede en in worsteling met die Woord van God, as **norma normans** opnuut te verwerf, al sou dit dan ook stryd vereis. Die terme bly steeds nodig omdat die Bybel na sy vorm menslike woorde is en dit daarom moontlik is dat daar verskillende verklaringe van die Bybel gegee kan word"[11]). Wie dus die terme verwerp sal hom spoedig nie meer op die pad van die inhoud van die Bybelse verkondiging bevind nie.

Omdat hierdie eis tot reduksie by die Nuwe Teologie vanuit die menslike situasie gevoer word, gee dit dan ook aanleiding tot hulle stryd teen die sogenaamde „metafisiese taal" van die Bybel, wat uiteindelik uitloop op 'n verwerping van God self en van sy heilshandelinge. Dit lei uiteindelik tot hulle eis dat dit alleen werklik is wat objektief en algemeen ervaarbaar en verifieerbaar is. In wese beteken dit 'n verwerping van die **Inhoud** van die Heilige Skrif. En omdat Jesus Christus vir die Reformatore altyd die **Inhoud** van die Heilige Skrif was, raak hierdie reduksie in die Nuwe Teologie in wese die Persoon en werk van Jesus Christus. Christus word gereduseer tot 'n gewone mens, 'n mens wat 'n besondere visie op God open en volledig verenig gebly het met die Grond van sy bestaan (Robinson), 'n mens wie se vryheid aansteeklik geword het (Van Buren), iemand wat ons bevry van ons religieuse besetenheid, van onsself, sodat ons vir ander mense kan leef (Bonhoeffer), ons „Stellvertreter" by God tot ons „identiteit" bereik het en die wordende God se „Stellvertreter" by ons (Sölle).

Vir my is dit egter 'n uitgemaakte saak dat die Bybel **heilsfeitelik** oor Jesus Christus spreek en nie mitologies nie. En dat die Reformatore nie met „metafisiese" spreke besig was nie, maar dat hulle werklik iets van die rykdom en inhoud en die diepte van die evangelie verstaan het. Want in die Bybel gaan dit nie bloot om historiese feite wat wetenskaplik verifieerbaar is nie maar om heilsfeite, om God se ingrype in die geskiedenis wat geglo moet word. Vir die geloof is die heilsgebeure van die geboorte,

---

11) B. J. Engelbrecht, Enkele Dogmatiese opmerkings oor die kerklike leer aangaande die Trinitiet, met besondere verwysing na die status van die pre- en post-eksistente Christus ten opsigte van die Vader, H.T.S., Jaargang 19, Aflewering 3 en 4, p. 151.

lewe en sterwe van Jesus Christus van wesenlike belang. Maar dit is alleen vanuit die opstanding van Jesus Christus moontlik om die hele Bybelse verkondiging reg te verstaan. Want so het God reddend, verlossend en oorwinnend in die geskiedenis ingegryp. Daarom maak die Bybel groot erns daarmee om nie alleen aan te toon dat die opgestane Heer dieselfde Jesus is wat gekruisig is nie (Luk. 24:39, Joh. 20:27), maar ook om aan te toon dat die opstanding 'n gebeurtenis is wat werklik plaasgevind het (1 Kor. 15:1 vv.). Dit gaan hier dus nie oor mitiese beeldspraak nie, ook nie om die verhaal van die dissipels om hulle verleentheid te verberg nie, of om die aansteeklikheid van die vryheid van Jesus van Nasaret nie, maar om die **heilsfeit** van die leë graf (Luk. 24:3), die weggerolde steen (Mark. 16:4), die opgestane Heer wat sonde en dood oorwin het (Hand. 3:15, 4:10, 10:40, Rom. 4:24 vv.).

God is hier werksaam, Hy werk reddend en verlossend.

Saam met Van Niftrik[12]) moet ons die vraag stel of die Nuwe Teologie nie so lief geword het om self aan die woord te wees nie, dat hy vergeet het om aandagtig na die Woord van God te luister nie. Dit bly immers waar dat, as die mens teologies sinvol wil praat, hy eers kan praat nadat hy geluister het. Sy spreke is dan alleen sinvol en die moeite werd as dit 'n **antwoord** in die geloof is op die Woord van God. Die „reduksie" en „wegdoen met metafisies gelaaide terminologie" van die Nuwe Teologie, sal alleen daarop neerkom dat God Homself in die geskiedenis uitgelewer het in die lot van die mens Jesus van Nasaret. Vir ons beteken dit alleen dat daar in Hom 'n sekere uitdaging tot ons kom wat ons moet **na-volg.** God is dus nie meer die „Almagtige", die God „daarbo" nie, want Hy tree ons tegemoet in die „onmag" van Jesus van Nasaret, in die „selfoorgawe" van Jesus van Nasaret „vir ander mense". So lyk dit of die stryd in die Nuwe Teologie teen die „metafisika" in wese niks anders is as 'n stryd teen God nie. Hier word vergeet dat God nie saamval met 'n historiese proses en daarin ook nie verwerklik kan word nie, omdat Hy God is. God is die soewereine Heer wat wel in en met die geskiedenis meegaan, maar die geskiedenis bly Adam se geskiedenis. Daarom sal die heil nooit uit 'n immanente ontwikkeling van die geskiedenis kan kom nie, maar kom dit as 'n wonder van Gods kant. God is en bly **„jenseitig".** Hierdie waarheid het vroeër sy uitdrukking gevind in die vorm van voorstellings van 'n verouderde wêreldbeeld, kan geargumenteer word. Die feit bly egter dat die waarheid nie van die wêreldbeeld afhanklik is nie en

---

12) Vgl. Sy aangehaalde geskrif p. 79 in hierdie verband.

verdwyn derhalwe nie saam met die wêreldbeeld nie. God is en bly God. Hy is en bly **„jenseitig"** en daarom sal ons altyd **„jenseitig"** oor Hom moet dink[13]).

Myns insiens spruit die dwaling by die Nuwe Teologie ook voort uit die feit dat hulle nie erns maak met die Persoon en werk van die Heilige Gees nie. En dit is nou eenmaal so, dat sonder die Heilige Gees, daar vir die hermeneutiek alleen een taak oorbly, naamlik om die Bybel in ooreenstemming te bring met die eie ontwerp van die moderne mondige mens wat 'n gesekulariseerde mens is met 'n anti-metafisiese denkpatroon. So gesien is dit dan ook die verantwoordelikheid van die hermeneutiek om ook die geloof aanvaarbaar te maak. Vir die kerk en die Bybels-reformatoriese teologie was die Persoon en werk van die Heilige Gees hierteenoor nog altyd onmisbaar en onvervangbaar. Dit is so omdat dit in die prediking van die kerk en vir die arbeid van die Bybelse teologie nog altyd om 'n heilsboodskap gegaan het wat in sy wese vir die natuurlike mens onaanvaarbaar is.

Want „die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelike beoordeel word" (1 Kor. 2:14).

En verder bly dit ook waar dat dit alleen die Gees is wat die mense oortuig van sonde en van geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8-11). Daarom sal dit noodwendig so wees dat 'n geringskatting en negering van die Persoon en werk van die Heilige Gees moet lei tot 'n verkeerde verstaan van die Bybelse verkondiging aangaande die openbaring van die lewende God.

Dan word geloof 'n antwoord op die kerugma, maar nie 'n antwoord wat op die toekoms gerig is nie, maar 'n antwoord wat oproep tot beslissing vir 'n lewe hier-en-nou. En as dit die taak van die Teologie is, dan lyk dit vir my of die Christendom wat die Nuwe Teoligie wil red, tereg deur prof. B. J. Engelbrecht[14]) getipeer word as 'n skim wat geen werklike waarde het nie.

---

[13]) Vgl. G. C. van Niftrik, Waar zijn onze doden, J. N. Voorhoeve, Den Haag, 1970, p. 15.

[14]) B. J. Engelbrecht, Hedendaadgse Krisispunte in die Teologie, p. 23.